

Oor die metodiek van 'n holistiese geskiedenis van Oud-Israel

E H Scheffler
Universiteit van Suid-Afrika

Abstract

On the methodology of a holistic history of ancient Israel

In this article certain issues relating to the concept 'holistic historiography' are clarified. Thereafter follows a reflection on methodology that would be appropriate for holistic historiography, involving the critical use of biblical and extra-biblical sources, Syro-Palestinian archaeology, historical geography, sociology, psychology and secondary literature.

1. INLEIDING

In 'n vorige bydrae (kyk Scheffler 1988a:665-683) het ek betoog dat indien historiografie reg wil laat geskied aan die volle spektrum van menslike lewe, dit *komprehensief* of *omvattend* moet wees. Dit geld ook veral wat die historiografie van Israel in die Ou-Testamentiese tydvak betref, aangesien laasgenoemde in die verlede hoofsaaklik op *politieke aspekte* gekonsentreer het. Hierdie aspekte het hoofsaaklik betrekking op gebeure aan die koninklike hof, die lewens van die konings of hooggeplaastes en die berig van militêre veldslae.¹ Kulturele en godsdienshistoriese studies is wel apart onderneem, maar 'n komprehensiewe geskiedskrywing beoog egter om gesamentlik en geïntegreerd 'n geskiedenis aan te bied waarin politieke, sosio-kulturele, godsdiensstig-ideologiese en literêre (kommunikatiewe) dimensies van die werklikheid oor alle vlakke van die samelewing heen in hulle onderlinge samehang ondersoek word. Alvorens ek nou (soos voorheen voorsien, vgl Scheffler 1988a:682) 'n gepaste metodiek vir so 'n geskiedskrywing gaan ondersoek (waarin die gebruik

van primêre en sekondêre literatuur, argeologie, geografie, sosiologie en psigologie aan die bod sal kom) verdien verskeie sake rakende die begrip 'holistiese historio-grafie' eers ons aandag.²

2. OOR DIE BEGRIP 'HOLISTIESE HISTORIOGRAFIE'

Met 'komprehensiewe' en 'holistiese' geskiedskrywing word dieselfde saak bedoel. Ek reken egter dat dit tans meer van pas sou wees om te praat van *holistiese* geskiedskrywing en wel om verskeie redes.

Eerstens word die term 'holisties' meer en meer in die geesteswetenskappe gebruik wanneer daar uitdrukking gegee wil word aan *interdisiplinêre samewerking* (vgl Van Aarde 1988:49-64). Holistiese geskiedskrywing maak vandag toenemend van ander dissiplines (as sogenaamde hulpwetenskappe) in die volvoering van sy taak gebruik. Die besef van die sosiologiese, antropologiese en psigologiese dimensies van geskiedenis beïnvloed geskiedskrywing so wesenlik dat die kunsmatige grense tussen die vakwetenskappe eintlik vervaag.

Tweedens is die term ook van pas as daar gepoog word om 'n *sintetiese perspektief* op 'n bepaalde vakgebied te verkry. Die behoefte aan sodanige perspektief ontwikkel juis wanweë toenemende spesialisasie in 'n vakgebied wat veroorsaak dat 'n geheelbeeld op die gebied (of selfs spesifieke onderwerp) verlore gaan. Die skrywe van die geskiedenis van Israel vanuit 'n uitsluitlik politieke perspektief hou dan ook in 'n bepaalde sin 'n eensydige beeld van Israel as geheel voor.

Derdens is daar aspekte van die filosofie van holisme soos oorspronklik deur Smuts ([1926] 1987) ontwikkel, wat myns insiens uiters relevant is vir die skryf van holistiese geskiedenis. Holisme behels naamlik dat die geheel van die dele afhanklik is en dat die dele opsigself ook eers hulle sin vind in die geheel. Dit is die 'philosophical view that nature combines units into organic wholes and that these units, although each functioning by its own laws, are functionally subordinate to the whole' (Deist 1990:116). Of soos Smuts dit self saamvat ([1926] 1987:317):

Holism has been presented...as the ultimate synthetic, ordering, organising, regulative activity in the universe which accounts for all the structural groupings and syntheses in it, from the atom and the physico-chemical structures, through the cell and organisms, through Mind in animals, to Personality in man. The all-pervading and ever-increasing character of synthetic unity or wholeness in these structures leads to the concept of Holism as the fundamental activity underlying and co-ordinating all others, and to the view of the universe as a Holistic Universe.

Smuts het sy besinning uiteraard nie binne die konteks van geskiedsfilosofie gedoen nie. Omdat geskiedenis egter per slot van sake die totale werklikheid raak, ook as daar gefokus word op 'n voorafgedefinieerde deel(tjie) van die geskiedenis van die totale werklikheid (soos bv die geskiedenis van Israel), het die holistiese perspektief juis implikasies vir geskiedskrywing. Dit sou byvoorbeeld beteken dat verskeie dimensies van Israel se geskiedenis nie slegs in isolasie ondersoek word nie, maar ook op mekaar betrek sal word. Dit sou verder beteken dat die ondersoek na die politieke dimensie juis nie volledig sou wees indien dit nie bevra word in terme van die sosio-kulturele, godsdienstig-ideologiese en literêre (kommunikatiewe) dimensies nie. Daar moet toegegee word dat die 'betrekking' van die dimensies op mekaar 'n interpretatiewe stap deur die historikus behels. Nogtans is dit noodsaaklik omdat belangrike insigte in die geskiedenis as geheel (wat juis ter wille van kenbaarheid in verskeie dimensies onderverdeel is) andersins verlore sou gaan.

Daar word toegegee dat die vier dimensies wat vir Oud-Israel se geskiedenis onderskei is, nie absoluut is nie. Bloot die term 'samelewingsgeskiedenis' (vgl Thompson 1970:423-430; Deist 1987:20-31; Heyns 1986) sou ook 'n holistiese benadering kon impliseer. Aan die ander kant is die term 'samelewingsgeskiedenis' ook vir misverstand vatbaar aangesien dit enersyds 'n benadering kan impliseer waarin politieke aangeleenthede steeds die fokus het, of andersyds juis met die oog op gewone mense wat dan die samelewing sou uitmaak, onderbeklemtoon word. Laasgenoemde gevaar dreig vir my juis wanneer (in reaksie teen eensydige politieke geskiedenis) die stelling gemaak word dat geskiedenis nie politieke geskiedenis behels nie maar geskiedenis 'van mense' is.³ 'n Holistiese benadering tot die geskiedenis sou egter sodanige swaai van die pendulum wou ondervang. Deurdadig geskiedenis nou baie breër gesien word, impliseer glad nie dat die politieke dimensie onderspeel moet word nie – intendeel, die ingrypende en in baie opsigte selfs bepalende invloed van politieke aangeleenthede opsigself, én op die lewe van die alledaagse mens word steeds erken. Daarom sou dit sin maak om enige aanbieding van 'n holistiese geskiedenis steeds met die politieke dimensie (as die breedste moontlike konteks) te laat begin.

Dit is 'n vraag oor hoe die interaksie tussen *geheel* en *dela* in 'n holistiese geskiedskrywing hanteer moet word. Moet politiek, kultuur, ideologie en literatuur alles tegelyk aangebied word of eers afsonderlik? 'n Betoog waarin die vier dimensies van die begin af geïntegreerd aangebied word, sou sekerlik die ideaal wees en teoreties ook sekerlik die beste reg laat geskied aan wat met die term *holisties* verstaan word.⁴ Vanweë die beperktheid van die mens se rede en die behoefte aan analise, is sodanige aanbieding egter nie altyd prakties, en dus wenslik nie, veral as die geskiedenis kompleks raak vanweë onder andere die spekulatiewe aard daarvan

as gevolg van die feit dat daar met die verre verlede gehandel word. Die aangewese weg om te volg sou dus wees om die dimensies eers afsonderlik te behandel, waarna aan die einde van die afsonderlike behandelings en ook almal saam aan die einde, die dimensies op mekaar betrek sal word ten einde 'n insig te verkry in hulle onderlinge wisselwerking. In die aanbieding van die afsonderlike dimensies sal die historikus egter juis nie sy oë sluit vir die ander dimensies nie en, soos wat sy aanbieding dit vir hom toelaat, die wedersydse invloed van die dimensies op mekaar vermeld. Slegs op hierdie wyse kan hy reg laat geskied aan die diversiteit binne die geskiedenis sowel as die uiters komplekse aard daarvan.

As voorbeeld van die wisselwerking tussen verskeie faktore wat deur holistiese geskiedskrywing onderskei word, kan ons verwys na *Salomo se koningskap*⁵. Dat hy as koning (politieke dimensie) verantwoordelik was vir groot bouwerke (kulturele dimensie) is 'n bekende gegewe (vgl o a Miller 1986:204-213). Dat hy daarvoor uitermate hoë belastings gehef het en van dwangarbeid gebruik moes maak, impliseer 'n bepaalde wisselwerking tussen die politieke dimensie (gebruik van mag) en sosio-kulturele dimensie (ekonomiese en fisiese uitbuiting van die gewone burger ter wille van kulturele ontwikkeling). Die saak word nog meer insiggewend indien die godsdienstig-ideologiese dimensie ook hierby betrek word. Wat sou Salomo se ideologiese beweegredes vir sy optrede gewees het? Ons weet dat die tempel in Jerusalem ('vir die Naam van die Here' – vgl 1 Kon 5:5) een van sy belangrikste bouwerke was. Sou Salomo gereken het dat die opbou van die land deur groot bouwerke ook tot eer van God gedien het, omdat Israel immers God se land was? Was hierdie godsdienstig-ideologiese beskouing van Salomo so sterk dat hy sy optrede teenoor Jan Alleman in die lig hiervan kon regverdig? Of wou Salomo ten diepste – soos dit maar so dikwels die geval is met heersers van destyds sowel as vandag – homself maar net verewig deur bouwerke, en het hy die tempelgodsdienst gebruik om dit te regverdig? Het hy dus die godsdienst voor sy eie karretjie ingespan soos dit gewoonlik voor oorloë gebeur?

Die wisselwerking van die godsdienstig-ideologiese dimensie met die politieke en sosiale kan egter ook van *onder* gedoen word. Hoe het Jan Alleman Salomo se optrede beleef en religieus verwerk? Is God nie beskou as aan die kant van die arme, eenvoudige en geringe nie? Het die koningsvyandige tradisie in Israel (wat sou beweer dat God alleen Israel behoort te regeer) nie juis ontwikkel as gevolg van Salomo se optrede nie? Dit is goed moontlik dat die godsdienstige perspektief van die gewone onderdaan (as kritiek op die koningskap van Salomo) juis beslag gevind het in Deuteronomium 17:14-20 (vgl met 1 Kon 3-11) waarin oor die beperkings wat ten opsigte van koningskap behoort te geld, gehandel word.

Vierdens behels holistiese geskiedenis dat by die bestudering van 'n sekere periode in die geskiedenis van 'n bepaalde land of volk die *totale* (strukturele geskiedenis of geskiedenis van 'langer duur') geskiedenis van daardie land of volk juis insigte kan verskaf wat, indien dit in ag geneem sou word, dit nie alleen lig op 'n bepaalde periode kan werp nie maar juis kan help om teoretiese oplossings aan te bied vir die moeilikste historiese probleme van 'n bepaalde periode. So byvoorbeeld benader Coote & Whitelam (1987), op voetspoor van Braudel (1972) se beginsel van *la longue durée*, die moeilike probleem van Israel se ontstaan:

The emergence of Israel, datable to about 1250-920 BCE, is, to use concepts popularized by Braudel, a surface event understandable only in terms of the wider, slower movement of much longer duration, what Braudel styles *la longue durée*. Human beings in history are constrained by climate, topography, vegetation, animal population, agricultural potentialities, and the like. Surface events, primarily those events which are most often the focal point of traditional political histories, are played out around more permanent elements such as urban sites, trade routes, harbours, and climate. The realizations of the various potentialities of Palestine have been governed throughout its agrarian history by the presence (or more rarely absence) of outside powers and the complex interaction of external world events.

(Coote & Whitelam 1987:23)

Die land Palestina het met ander woorde 'n bepaalde ritme (vgl Alt [1944] 1969:1-19; Weippert 1988:XV) wat oor 'n baie lang tydperk onderskei kan word. Voordat hulle enigsins aandag aan Israel se ontstaan self gee, ondersoek Coote & Whitelam (1987:27-116) eers die vestigingspatrone, streekshandel, geografie en sosiale verhoudings in Palestina vanaf die Vroeë Bronstydperk (3150 v C) tot vandag. Die veronderstelling is dat insig in hierdie 'long duration' aan die historikus die raamwerk verskaf om te kan onderskei wat in 'n bepaalde periode moontlik was (vgl ook Coote 1990).

Die hierbo genoemde voorbeelde van Salomo se koningskap, sowel as die historiese probleem van Israel se ontstaan in die lig van die totale geskiedenis van Palestina, toon myns insiens duidelik aan dat holistiese geskiedenis – as gevolg van die vrae wat dit aan die geskiedenis vra, nooit as afgehandel beskou kan word nie. Duisende permutasies van moontlike vrae deur duisende moontlike historici met uiteenlopende moontlikhede van antwoorde op die gestelde vrae, is moontlik. In elk geval is die 'afgehandelheid' van sogenaamde 'feite' of 'barre gegewens', in die lig van die voortgang en sukses van argeologiese opgrawings in Palestina (vgl Thomas 1967; Dever 1990; Kenyon 1988; Mazar 1990; Weippert 1988; Ben-Tor 1992) ook 'n

mite. Soos wat ons hieronder sal betoog, werp die gebruik van ander sosiale wetenskappe ook aansienlike lig op die historiografie as 'n interpretatiewe wetenskap.

In wat volg word daar besin oor hoe daar te werk gegaan *kan* word in die holistiese bestudering van Israel se geskiedenis. Aangesien die historikus nie as *tabula rasa* sy taak aanpak nie en alreeds 'n bepaalde voorkennis het ten opsigte van die meeste sake wat hieronder aangeroe word, behels wat volg, nie 'n uiteensetting van stappe wat die navorser chronologies móét volg nie. Juis omdat inligting uit verskillende 'bronne' onderling op mekaar betrek word, is dit nodig dat ter eniger tyd aan enige bron of sosiaal-wetenskaplike insig aandag gegee kan word. Die volgorde van aanbieding verraaï egter wel 'n relatiewe prioriteit van die hulpmiddele wat tot die historikus se beskikking is, soos wat dit by elke onderafdeling ook sal blyk.

3. DIE GEBRUIK VAN PRIMÊE BRONNE

3.1 Die Bybelse geskrifte

Die Bybel (die Protestantse en Joodse historikus moet die apokriewe boeke hierby insluit) bly myns insiens steeds die belangrikste bron van inligting vir die geskiedskrywing van Oud-Israel, aangesien dit self van die oudste geskiedskrywing van Israel bevat (Noth 1960:42-44; Herrmann 1980:54-59; Donner 1984:22-27; Miller & Hayes 1986:58-79; Deist 1987:5-17). Uiteraard kom hierdie uitgangspunt vandag toenemend onder die loep, veral in die lig van die moontlikheid wat al hoe meer geopper word om 'n geskiedenis van Israel te skryf sonder gebruikmaking van die Bybel (vgl Miller 1991:93-102). Dat die Bybel geen geskiedenisboek is nie, is 'n stelling wat holruggery is – veral as in terme van politieke geskiedenis geredeneer word. Holistiese geskiedskrywing bring egter juis meer dimensies in spel: die feit dat die Bybel juis *literatuur* is wat *godsdienstig-ideologiese* opvattings weerspieël, is vandag nie meer 'n struikelblok vir geskiedskrywing nie, maar juis 'n uitdrukking daarvan. Ten opsigte van die politieke en sosio-kulturele dimensies geld die beperktheid van en 'n kritiese benadering jeens die Bybel egter steeds.

Die Deuteronomistiese geskiedswerk dek die geskiedenis vanaf die intog tot en met die Babiloniese Ballingskap⁶ terwyl die Kronis in sy eerste nege hoofstukke (1 Kron 1-9) deur middel van geslagsregisters 'n voëlvlugoorsig oor die geskiedenis vanaf die patriarge tot ná die Ballingskap gee, waarna hy dan vollediger berig oor die Verenigde Koninkryk, die Noordryk en die Suidryk tot teen die einde van die Ballingskap (1 Kron 10 – 2 Kron 36). Esra-Nehemia berig dan uitvoerig oor sekere sake in die Persiese tydvak (vir ongeveer 200 jaar het ons egter geen bron nie) terwyl die Makkabeërboeke weer berig oor die Hellenistiese tydvak. Die ander Bybel-

se boeke (Pentateug, profete, poëtiese literatuur, wysheidsboeke) behoort opsigself nie tot die genre van geskiedskrywing nie. As produkte van die geskiedenis kom hulle egter nie slegs tereg by die literêre aspek van die geskiedenis nie, maar hulle bevat ook belangrike historiese inligting wat op 'n kritiese wyse deur die historikus verdiskonteer kan word.

By die gebruik van die Bybel vir 'n hedendaagse holistiese konstruksie van die geskiedenis van Israel moet 'n paar prominente sake egter in gedagte gehou word.

Eerstens bevat die Bybel die oudste berigte oor Oud-Israel. Dit tel in die Bybelse geskiedskrywers se guns dat hulle hulle in 'n situasie bevind het wat chronologies baie nader was aan die gebeure waaroor hulle berig. Maar dit is juis hulle antieke gesitueerdheid wat verhoed dat hulle noodwendig meer betroubare beriggewers as moderne geskiedskrywers kan wees. Bybelse geskiedskrywers het hulle geskiedskrywing nie krities beoefen nie, maar wel met duidelike subjektiewe vooronderstellings voor oë.

'n *Tweede* belangrike saak hang hiermee saam. Hierbo is reeds vermeld dat dikwels gesê word (met die oog op mitologiese en 'onhistoriese' inhoud in die Bybel wat die 'gesag' en 'waarheid' van die 'Woord van God' sou aantast) dat die Bybel nie 'n 'geskiedenis-handboek' is nie. Weinig word egter gereflekteer oor wat 'n geskiedenis-handboek sou wees en oor wat die aard van die geskiedenisboeke sou wees wat ons wel in die Bybel aantref.

Die Deuteronomistiese en Kronistiese geskiedswerke en die Makkabeërboeke bevat naamlik pre-kritiese en (veral wat die Koningsboeke betref) annalistiese geskiedskrywing⁷. Die verhale sentreer nie slegs rondom die persoon en dade van die konings nie, maar word doelbewus gerig deur 'n ideologiese of godsdienstige doelwit. So word byvoorbeeld algemeen aanvaar dat die Deuteronomis die geskiedenis verhaal om aan te dui dat beide Israel en Juda se ballingskappe plaasgevind het as gevolg van die verkeerde godsdienstige weë wat die Israëliete bewandel het (vgl 2 Kon 17:7-23). As gevolg van sodanige godsdienstig-ideologiese oogmerke kan belangrike historiese inligting eenvoudig weggelaat word (die Deuteronomis berig bv slegs in agt versies oor die belangrike regeringstyd van Omri⁸ – vgl 1 Kon 16:15-28), terwyl sekere inligting weer oorbeklemtoon kan word omdat dit inpas by die skrywer se religieuse perspektief (bv die uitvoerige berigte oor die optrede van Elia en Elisa in 1 Kon 17 – 2 Kon 9). Hiermee word geënsins beweer dat die religieuse intensie wat die skrywer aan sy verhaal gee, onbelangrik is nie. Holistiese geskiedskrywing bestudeer juis ook die godsdienst en ideologie van Oud-Israel. Laasgenoemde moet daarom krities ontsluit word wanneer daar uit godsdienstige perspektief oor politieke aangeleenthede berig word.

Derdens bevat die Bybelse verhale – ook in die sogenaamde geskiedswerke – verskeie historiese teenstrydighede (vgl bv Jos 8:3 teenoor Jos 8:12; Jos 15:63, Rig 1:21, 2 Sam 5 teenoor Rig 1:8; 1 Sam 16:14-23 teenoor 1 Sam 17:55-58; 1 Sam 17:1, 49 teenoor 2 Sam 21:18-19 teenoor 1 Kron 20:5; 2 Kon 21:16-18 teenoor 2 Kron 33:12-20; vgl verder Deist 1979). Hierdie diskrepancies vereis uit die aard van die saak 'n siftende, kritiese benadering by die geskiedskrywer wat nie die oneerlike weg van blote harmoniëring van die gegewens wil volg nie.

Vierdens besit die uiteenlopende geskrifte wat in die Bybel voorkom, ook verskillende grade van *betroubaarheid*. Die datering van Bybelse materiaal is geen seker saak nie en veral wat die pre-monargale periode (waaroor ons feitlik geen literatuur het nie en ouer tradisies moet probeer onderskei wat moontlik in latere tekste opgeneem is) betref, beweeg ons op losse grond. Daarbenewens is materiaal wat wel onderskei kan word, ook histories onbetroubaarder as materiaal wat dateer uit 'n tyd toe geskiedskrywing reeds minstens 'n aanvang geneem het. Die Pentateug se berig oor die eksodus kan nie summier sonder meer as histories betroubaar aanvaar word, bloot omdat daarvoor berig is nie. Die berig stam naamlik uit 'n latere tydperk en verskaf in velerlei opsigte meer inligting oor die tyd *wanneer* berig word (m a w die tyd toe die verhaal ontstaan het) as oor die tyd *waaroor* berig word. Die Bybelse materiaal weerspieël dus minstens die periode waarin dit ontstaan het (of redaksioneel verwerk is) en is daarom vir ons 'n spieël op die geskiedenis van Oud-Israel.

Ten einde die Bybel as bron vir geskiedskrywing te kan gebruik, moet die teks dus krities ondersoek word. Die historikus is in die eerste plek eksegeet en sal alle inligting wat eksegete in kommentare geboekstaaf het, krities nagaan en met die oog op 'n ruimer insig in die geskiedenis verdiskonteer. Die histories-kritiese metode is hier van groot hulp. Deur middel van literêre kritiek word die bronne wat aan 'n teks ten grondslag lê, onderskei en gesitueer binne die tydperk waaruit dit kom. Indien twee verskillende tekste oor dieselfde gebeure berig, moet hulle krities met mekaar vergelyk word ten einde so na as moontlik aan die gebeure self te kom (vgl Jos 1-12 en Rig 1 – kyk De Vaux 1978:593-596). Deur middel van oorleweringskritiek word selfs die voorfasies van die tekstuele neerslag ondersoek en tradisies wat sodanig onderskei is, sal dus moontlik inligting bevat oor die vroegste fasies van die geskiedenis en as sodanig vorm hulle self deel van daardie geskiedenis (vgl Barth & Steck 1980:47). Redaksionele toevoegings tot bestaande tekste verskaf eweneens inligting van die tyd toe die toevoegings of veranderings aan die teks gemaak is. Die historikus is veral geïnteresseerd in die historiese omstandighede wat hierdie veranderings aan die teks gefasiliteer het (bv die Priesterlike redaksie van die Pentateug tydens die Babiloniese Ballingskap).

3.2 Buite-Bybelse geskrifte

Naas die Ou Testament bestaan daar 'n magdom literatuur uit die ou Nabye Ooste wat met die gegewens in die Ou Testament vergelyk kan word. Hierdie literatuur moet net so krities as die tekste van die Ou Testament self benader word. Dit is belangrik, veral omdat binne die Ou-Testamentiese kritiese wetenskap die neiging begin posvat het om die Ou-Testamentiese tekste uiters krities (tereg) te evalueer maar dan 'n haas fundamentalistiese werkswyse te volg indien ons met buite Bybelse tekste te doen het. Die buite-Bybelse literatuur handel ook meestal oor die hooggeplaastes in die samelewing (soos bv die Assiriese koninklike annale – vgl Pritchard 1969:274-301) en bevat dus slegs karige en indirek afleibare gegewens oor die gewone burgers van die land. Hierdie literatuur moet dus op meriete en van geval tot geval beoordeel word terwyl veral die genre telkens in aanmerking geneem word.

So byvoorbeeld is daar heelwat af te lei oor die sosiale toestande in Palestina tydens die laat-Bronstydperk (1550-1200) uit die ongeveer 400 Amarna-tablette (slegs 'n seleksie in Pritchard 1969:483-490) wat bestaan uit amptelike korrespondensie tussen die Egiptiese owerhede en die vasalvorste van die Kanaänitiese stadstate. Hierdie literatuur het, uit 'n historiese hoek gesien, die voordeel dat hulle oor praktiese sake uit die alledaagse lewe handel en ook kontemporêr stam uit die tyd waaroor hulle berig. Heel anders is die geval van die sogenaamde Merneptah-stele (ongeveer 1230 v C, of Israel-stele – Pritchard 1969:376-378), 'n oorwinningsgedig van die Egiptiese koning, Merneptah, waarin die oorwinnings van die koning oor ander volkere in Klein-Asië besing word. Hierdie gedig bevat in velerlei opsigte oordrywings en onakkuraathede, omdat ons uit ander bronne weet dat Merneptah uit 'n militaristiese oogpunt 'n 'swak' farao was. Die Merneptah-stele het egter nie daarom geen historiese waarde nie. In die stele kom die naam Israel (as bevolkingsgroep) vir die eerste keer in buite-Bybelse literatuur voor.

Uit die oogpunt van holistiese historiografie is dit belangrik dat baie buite-Bybelse literatuur *godsdiensdig* (bv die Babiloniese skeppingsepos, Gilgamesh-epos, die wysheid van Amen-em-opet en Agikar, die Babiloniese teodisee – vgl veral Beyerlin 1975) en *sosiaal* (bv die kode van Hammurabi, die wette van Eshnunna, Lipit-Ishtar en Ur-Nammu) relevant is. Hierdie literatuur verskaf nie slegs 'n goeie vergelykingsbasis vir die Israelitiese literatuur deurdat die historikus daardeur 'n breë kompetensie opbou van die godsdiensdigte en sosiale toestande in die ou Nabye Ooste nie, maar verteenwoordig in baie gevalle die oorspronklike voedbodem van die Israelitiese literatuur. 'n Toenemende kennis van hierdie literatuur lei onteenseglik tot die historiese insig dat Oud-Israel nie net geografies nie, maar ook

op sosio-kulturele vlak integraal ingebed was in die leefwêreld van die ou Nabye Ooste.

Die omvangrykheid van die beskikbare literatuur (veral wanneer mens vanuit 'n holistiese perspektief alles as relevant beskou) veroorsaak egter vir die historikus 'n probleem. Daar bestaan byvoorbeeld ongeveer 20 000 spykerskriftablette uit die Mesopotamiese stad Mari (18e eeu v C) waaronder 5 000 briewe waarvan slegs vier in Pritchard (1969:482-483) opgeneem is. Die historikus staan dus onvermydelik voor die situasie dat hy beperkte toegang tot hierdie tekste het (waarvan baie nog nie ontsyfer is nie) en dat hy moet selekteer. Seleksies wat reeds gedoen is en in vertaalde vorm gepubliseer is, verskaf dus 'n goeie vertrekpunt. Pritchard (1969) het sekerlik die omvangrykste seleksie gedoen van die vernaamste tekste uit die ou Nabye Ooste wat op die Ou Testament betrekking het. Dit is van kort inleidende notas voorsien wat 'n wegwyser tot die totale korpus bied. Kortere seleksies (met ietwat meer uitvoerige inleidings as Pritchard) is gedoen deur Thomas (1961) en Beyerlin (1975 – laasgenoemde hoofsaaklik religieuse tekste).

Gottwald (1985:52-55; vgl ook Scheffler 1988b:67) is die oningewyde tot verdere hulp met 'n geselekteerde lys van geskrifte wat volgens tema, literêre genre of historiese verband gekorreleer is met die Bybelse literatuur. By die naam van elke geskrif word die oorspronklike taal aangedui sowel as die bladsynommers soos dit in Pritchard (1969) of die Engelse vertaling van Beyerlin (1975 = *Near Eastern religious texts relating to the Old Testament*) voorkom.

Nie alle buite-Bybelse geskrifte werp noodwendige enige of tot dieselfde mate lig op die geskiedenis van Israel nie. In sommige gevalle kan daar inderdaad literêre afhanklikheid tussen Ou-Testamentiese geskrifte en sommige van hierdie geskrifte bestaan. Literêre afhanklikheid is egter nie 'n voorwaarde vir historiese belang nie. Dit is dus doenlik om weer eens te beklemtoon dat indien die historikus van hierdie bronne gebruik maak om die geskiedenis van Israel te bestudeer, hy elke geskrif ad hoc, op meriete en krities moet beoordeel ten einde vas te stel of dit sy spesifieke doel dien al dan nie.

4. DIE GEBRUIK VAN ARGEOLOGIESE GEGEWENS

Die geskiedenis van die besondere verband wat daar bestaan tussen argeologie en die Bybelwetenskap is 'n veelbewoë een. Aan die een kant is die buitengewone belangstelling wat daar bestaan in die argeologiese tydvakke van die laat-Bronstydperk tot die Romeinse tyd, te danke aan diegene wat vanuit Bybels-teologiese oorewegings 'n aktiewe belangstelling in argeologie toon. Aan die ander kant is dit juis 'n oorgretige, romantiese belangstelling wat poog om die Bybelse gegewens met die

hulp van argeologie te bewys wat tot onwetenskaplike spekulasies aanleiding gegee het (vgl bv die boek van Keller 1955).

In die geskiedenis van opgrawings in Palestina was daar dus gewoonlik drie faktore ter sprake, te wete die Bybel, die geskiedenis en argeologie. Indien die Bybel as vertrekpunt geneem is, is daar dan gepoog om vanuit die argeologie aanknopingspunte te soek wat, indien dit gevind sou word, die historiese waarde van die Bybel sou ondersteun. In hierdie verband kan veral die werk van die Albright-skool genoem word (vgl Albright 1949; 1957; Wright 1960; 1962; Unger 1954).⁹ Indien die *geskiedenis* as vertrekpunt geneem word, word daar eerlik gepoog om die geskiedenis te konstrueer waarvoor die Bybel sowel as die argeologie as bronne kan dien. Indien Bybelse (en buite-Bybelse) gegewens en argeologiese data gekorreleer word, hang die wetenskaplikheid daarvan af of dit krities gedoen word en nie miskien sirkelredenasies ten prooi val nie (vgl Miller 1976:46; Smith 1970:33). 'n Gangbare konklusie op grond van argeologiese gegewens sou slegs gesteun kon word indien daar genoegsame argeologiese data beskikbaar is en wanneer alternatiewe interpretasies verreken is (vgl Nel 1987:23). Indien so 'n interpretasie op eie meriete gedoen kan word, sonder inagneming van ander getuïenis (soos bv die Bybel), des te beter (vgl Barr 1977:138).

Oor die regte of verkeerde gebruik van argeologie in sy relasie tot die Bybel is al so ruim besin dat hier nie verder daarop ingegaan word nie.¹⁰ Vanuit 'n holistiese perspektief op die geskiedenis van Israel is argeologie egter nie slegs van belang in so verre vondse met die Bybeltekste gekorreleer kan word of illustratiewe waarde ten opsigte van laasgenoemde het nie. Dit is veral belangrik omdat dit inligting verskaf oor sake wat *nie* in die tekste aangeroei word nie, maar wat as sosio-kulturele dimensie 'n integrale deel van die geskiedenis uitmaak. Argeologiese vondste is dus op sigself belangrik vir wat uit die aard van die vondste self (wat baie meer met die alledaagse leefwyse te doen het) afgelei kan word. Dit lê byvoorbeeld die tipe huise bloot waarin die Israeliete in 'n bepaalde tydvak in hulle geskiedenis gebly het (vgl Callaway 1983; Stager 1985), hoe hulle hulleself van water voorsien het (vgl Scheepers 1984), en gee insig in hulle landboumetodes (De Geus 1975; Edelstein & Gibson 1982). Insig in die ontwikkeling van Ou-Israelitiese kuns word ook dikwels verkry van erdeware wat tekeninge bevat en beeldjies en ander artefakte wat opgegrawe word. Holistiese historiografie baat dus grootliks by die insigte van die sogenaamde 'New Archaeology' (vgl Dever 1990; Coggins 1990:54-55) wat geïnteresseerd is in die sosio-kulturele geskiedenis van Palestina en nie in die eerste plek daarop uit is om die historiese korrektheid van sekere belangrike politieke gebeurtenisse te bewys nie.

5. DIE GEBRUIK VAN GEOGRAFIESE GEGEWENS

Naas geskifte soos die Bybel, ander Oud-Oosterse literatuur en argeologiese artefakte, is die *land* Palestina by uitnemendheid dit wat 'n skakel verskaf tussen die hede en die verlede. Vertroutheid met die geografie van Palestina is dus vir die navorser van Oud-Israel se geskiedenis onontbeerlik, nie slegs omdat mens met geografiese kennis 'n beter beeld kan vorm van die gebeure wat hulle in Palestina afgespeel het nie, maar juis ook omdat sodanige kennis dikwels bydra tot die vorm van historiese oordele (vgl Rainey 1982; Olivier 1991; Burger 1992). So kan iemand wat geen geografiese kennis het nie, die gegewe dat Moses op die berg Nebo gestaan en Palestina aanskou het (Dt 34:1-4), goedskiks aanvaar sonder om te besef dat die menslike oog nie van die berg Nebo tot in Palestina kan sien nie. 'n Verdere voorbeeld is die situasie rondom die vestiging van die Israëliete in die heuwellande. Hulle moes die Kanaäniete in die vlaktes vermy, maar ook op sodanige plekke hulle vestig dat hulle minstens 'n bestaan kon maak. 'n Kennis van die Palestynse topografie is dus noodsaaklik.

Historiese geografie behels 'n tweerigtingverkeer tussen geografie en geskiedenis. Aan die een kant stel die land die moontlikhede en beperkinge daar waarbinne die geskiedenis kan plaasvind. Aan die ander kant verander menslike optrede ook aan die land se voorkoms (veral wanneer stede ter sprake is). Die bou van terrasse vir landboudoeleindes in die berge, die dreinerings van die Hulehmeer, sowel as die moderne boerdery in die Jordaanvallei tussen die See van Galilea en die Dooie See (wat tot gevolg het dat die Jordaanrivier eintlik nie meer daar vloei nie), is voorbeelde van laasgenoemde.

Daar bestaan verskeie standaardwerke wat die historikus help in sy bestudering van die geografie van Palestina en wat terselfdertyd poog om die band te lê met die geskiedenis self. So verskaf Baly (1974; vgl ook Noth 1962:1-95; Eybers 1988) 'n 'suiwere' geografie (met egter ook verwysings na die Bybel), terwyl die *Macmillan Bible Atlas* van Aharoni en Avi-Yonah (1977; vgl ook Pritchard 1989) histories-geografies te werk gaan deurdat dit die geskiedenis van Israel oor die verskillende periodes heen deur middel van landkaarte illustreer. In sy *The Land of the Bible: A historical geography* (1979) behandel Aharoni in twee dele die land self en 'Palestine during the ages'.

Gesien vanuit die perspektief van holistiese historiografie, spreek dit vanself dat die geografie belangrik is. Dit gee insig in die verhoog enersyds waarop ingrypende politieke gebeurtenisse plaasgevind het en andersyds waarop die gewone mense van die samelewing hulle alledaagse bestaan gevoer het.

6. DIE GEBRUIK VAN SOSIOLOGIESE INSIGTE

Aangesien die moderne historikus veral belangstel in die geskiedenis van Oud-Israel as samelewingsgeskiedenis, verskaf sosiologiese of sosiaal-wetenskaplike modelle wat uitgewerk is om samelewings te ontleed, gewoonlik belangrike hulp in die interpretasie van gegewens. Hierdie interpretasie van historiese gegewens kan dan weer tot verdere historiese insigte lei (vgl Herion 1986; Braudel 1968:64-82; 1980). Alhoewel holistiese geskiedskrywing meer is as bloot samelewingsgeskiedenis, is dit veral vanweë die sosio-kulturele dimensie van die geskiedenis dat die gebruik van sosiologiese insigte en modelle minstens net so relevant is.¹¹

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat daar nie net een sosiologiese benadering bestaan nie. Dit sou ook verkieslik wees dat die historikus hom nie aan een model uitverkoop nie, soos wat dit van Gottwald in sy magistrale werk *The tribes of Yahweh* (1979) ten opsigte van 'n Marxistiese model waar blyk te wees nie. Afgesien van die Marxistiese, is die volgende drie myns insiens die bruikbaarste in geskiedskrywing (vgl Scroggs 1980; Wilson 1984):

- *Rolanalise.* Hiervolgens word persone, partye, instansies, organisasies en bewegings in die samelewing ontleed aan die hand van die *rol* wat hulle in die samelewing speel. Die *onderlinge verhouding* tussen persone en instansies is derhalwe van groot belang. Wat was byvoorbeeld in die vroeë monargale tyd die rolle wat Saul, Samuel en Dawid gespeel het? Wat sou die rol van Josua gewees het gedurende die intog en wat sou die rol van die Kanaäniete en Filistyne wees in die klaarblyklike feit dat die intog nie glad verloop het nie? Die vraag kan ook gevra word of en in welke mate daar in die samelewing 'n ommekeer van rolle kan plaasvind.
- *Konflikmodel.* Aan die hand van insigte van sosioloë soos Weber, Mannheim en Troeltsch (laasgenoemde eintlik 'n teoloog) word daar uitgegaan van die veronderstelling dat 'n diep gesetelde konflik inherent deel van elke samelewing is. Elke gemeenskap het maghebbers en magteloses wat met mekaar in konflik is. Die maghebbers wil gewoonlik die *status quo* bewaar terwyl die magteloses dit wil omverwerp. Hanson (1979) het byvoorbeeld hierdie insigte met vrug toegepas op die post-eksiliese samelewing in Juda. Volgens Hanson het die konflik tussen die sogenaamde hiërokrate (geassosieer met Esegïël en die teruggekeerde ballinge) en die visionêres (geassosieer met die arm deel van die bevolking wat in Palestina agtergebly het) neerslag gevind in Jesaja 56-66 (Trito-Jesaja). Die hiërokrate was diegene wat met die goedkeuring van Kores uit ballingskap teruggekeer het om die tempel te herbou. Die armes in die land se toekomsverwagtinge is dus genegeer en hulle het 'n gevoel van vervreemding beleef – vandaar die gemeenskapskonflik.

- *Funksionalisme.* Volgens die funksionalisme (geassosieer met die naam van Talcott Parsons) hoef 'n samelewing nie tot so 'n mate op konflik gebaseer te wees dat dit slegs in terme van konflik beskryf kan word nie. Volgens hierdie model is daar egter in elke samelewing bepaalde funksies of instansies wat elk sy eie deel bydra tot die globale funksionering van die samelewing. Parsons (vgl De Klerk & Schnell 1987:144) onderskei vier sodanige funksies – *kultuur, sosiale stelsel, gedragsorganisme en individuele persoonlikheid* – wat elk weer uit substelsels bestaan en so 'n bydrae tot die geheel lewer. Die onderskeie funksies staan in wisselwerking met mekaar. Die samelewing is soos 'n lewende organisme en die verandering aan een aspek beïnvloed die geheel (vir verdere subfunksies, vgl Parsons & Platt 1973:236). Parsons se model is myns insiens suksesvol deur Heyns toegepas op Israel van die agste eeu v C (vgl Heyns 1986).

In die lig van die beskikbaarheid van verskillende modelle ontstaan die vraag na watter model die historikus moet kies en op welke gronde. Alhoewel 'n model wat 'n geskiedskrywer kies, sekerlik blyke sal gee van sy eie vooronderstellings, is 'n aangewese kriterium om van daardie model se insigte gebruik te maak wat die beste 'n gegewe tydvak of bepaalde historiese situasie verklaar. Die geskiedenis (of tekste) self moet dus as't ware bepaal watter model gekies word. So sou die funksionalisme miskien die aangewese model wees om die interne Israelitiese samelewing ten tye van die Rigters en Dawid te beskryf, terwyl 'n konflikmodel weer die aangewese sou wees vir die tyd van Amos (konflik tussen arm en ryk) of die tyd ná ballingskap (stryd tussen hiërokrate en visioenêres).

7. DIE GEBRUIK VAN PSIGOLOGIESE INSIGTE

Indien die sosiologie die historikus van hulp kan wees, so ook die psigologie. Waar sosiologie te make het met mense in hulle *samelewingsverband* (die samelewing is dus die uitgangspunt), bestudeer sielkunde die motivering van *individuele* menslike gedrag asook die interaksies tussen mense.

Daar sou byvoorbeeld gevra kan word watter psigologiese dinamiek daar in die verhouding tussen Saul en Samuel aanwesig was. Dit blyk uit die teks van 1 Samuel dat Samuel nie juis ten gunste van die koningskap was nie en nog minder was hy Saul goedgesind. Telkens sê Samuel dan ook vir Saul dat die Here van hom gewyk het. Die vraag wat gevra kan word, is of Saul se selfmoord nie in 'n groot mate deur Samuel se houding veroorsaak is nie. Saul internaliseer later die boodskap wat die 'profeet' tot hom rig en begin in homself twyfel. So kom hy dan tot die gevolgtrekking dat die Here inderdaad van hom gewyk het en hy pleeg selfmoord.¹²

Uit 'n holistiese perspektief is hierdie gebeure wat tussen Saul en Samuel afgespeel het, self deel van die geskiedenis en dit kan goedsikks deur middel van sielkundige insigte ('n groot aantal modelle bestaan ook hier: bv, klassieke psigo-analise, Jungiaanse analitiese sielkunde, behaviourisme, leerteorie en kognitiewe sielkunde – vgl Scheffler 1988c:355-364) ontleed word¹³. As verdere voorbeelde sou gevra kon word wat die psigologiese motivering en effek van offers in Oud-Israel was of wat die sielkunde te sê het vir Prediker se sinloosheidsgedagtes, of vir die lyding wat ons in die boek Job aantref (vgl Jung 1965; 1972; Scheffler 1991; 1993).

Alhoewel die psigologie nog nie op 'n grootskaalse wyse ten behoeve van die historiografie ingespan is nie (vgl egter Spiegel 1972; Drewermann 1984; 1985; Fromm 1966; Freud [1913] 1980; [1939] 1975; 1967), kan die plek daarvan nie betwis word nie. In Parsons se vierfunksieparadigma waarna hierbo verwys is (vgl afd 6), kan gesien word dat die 'individuele persoonlikheid' (sy persoonlike beweegredes, drange en gedrag dus ingesluit) 'n belangrike rol in die samelewing en dus ook in die geskiedenis speel.

8. DIE GEBRUIK VAN GODSDIENS-WETENSKAPLIKE INSIGTE

Indien die godsdienstig-ideologiese dimensie van die geskiedenis bestudeer word, is dit raadsaam vir die historikus om fenomenologies te werk te gaan en so objektief moontlik die instellings en idees te beskrywe soos wat hy dit waarneem. 'n Fenomenologiese vertrekpunt beteken nie hier absolute objektiwiteit nie maar veral die strewe daarna. Die historikus sal hom/haar dus vergewis van uitgangspunte en metodes wat deur godsdienwetenskaplikes (vgl bv Krüger 1982) gebruik word. Vanuit die perspektief van holistiese historiografie eindig die onderneming egter nie by die beskrywing van die godsiens nie (vgl die bruikbare werke van Ringgren 1963; Schmidt 1982; Fohrer 1969; Garbinni 1987 en selfs Von Rad 1960; 1968), maar word daar gepoog om die godsdienstige of ideologiese opvattinge op die politieke en sosio-kulturele en kommunikatiewe (literêre) dimensies van die geskiedenis (binne 'n bepaalde periode) te betrek.

9. DIE GEBRUIK VAN SEKONDÊRE LITERATUUR

Die navorsing van Israel se geskiedenis vind nie in isolasie plaas nie, maar juis in gesprek met medenavorsers. Tientalle geskiedenis van Israel het reeds die lig gesien. Ingewikkelde hipoteses en konstruksies is reeds gemaak en het baie bygedra tot die historikus se begrip van die geskiedenis. Dit hou 'n voordeel in, maar ook 'n gevaar. Bestaande konstruksies kan goedsikks as die korrekte aanvaar word

(vgl bv die aanvanklike grootskaalse aanvaarding van Noth se amfiksionieteorie), met die gevolg dat die historikus 'n blindevlek kan ontwikkel wat nuwe perspektiewe op die geskiedenis belemmer. Die bestudering van die geskiedenis mag dus nooit uit slegs die lees van sekondêre literatuur bestaan nie. Aan die ander kant is die sekondêre literatuur 'n goeie toets vir nuwe hipoteses wat die navorser op grond van sy primêre bronne maak. Nuwe teorieë moet teen bestaendes opgeweeg word, want dikwels sal dit blyk dat nuwe hipoteses nie opweeg in die lig van bestaande kennis (wat weer verdere navorsing stimuleer) nie.

Hierdie artikel kan nouliks aan die magdom van sekondêre literatuur reg laat geskied. Daar word derhalwe met enkele kursoriese opmerkings volstaan.

Naas Alt (1969) se opstelle in sy *Kleine Schriften*, en die belangrike versamelbundel van Hayes & Miller (1977), is die tien belangrikste 'geskiedenis' van Israel myns insiens (chronologies weergegee, d w s nie in die volgorde van belangrikheid nie) dié van Noth (1958); Bright ([1959] 1980); Gunneweg (1972); De Vaux (1978); Jagersma (1979; 1985); Herrmann (1980); Fohrer (1982); Donner (1984; 1986); Miller & Hayes (1986) en Lemche (1988). Daar moet egter gewys word op die feit dat hierdie 'geskiedenis' (alhoewel die beste tans beskikbaar) steeds 'politieke' geskiedenis is en nie reg laat geskied aan die holistiese perspektief nie. Laasgenoemde kom meer tot sy reg in die huidige tendens onder historici om op 'n spesifieke periode te konsentreer (vgl bv Coote & Whitlam 1987; Coote 1990; Gottwald 1979; vgl verder die literatuur vermeld by Hayes & Miller 1977). Vir die sosio-kulturele dimensie, is naas die boek van De Vaux (1961), wat ongelukkig nie altyd tussen die verskillende periodes onderskei nie, die literatuur wat afdeling 4 hierbo vermeld is, ter sake en vir die godsdienstig-ideologiese dimensie dié vermeld in afdeling 8. Wat die literêre (kommunikatiewe) dimensie betref, is die holistiese geskiedskrywer aangewys op die standaard 'Inleidings' waarvan die stof telkens binne die geskiedenis gesitueer moet word. Gottwald se *Hebrew Bible: A socio-literary introduction* (1985) verdien hier spesiale vermelding aangesien die Bybelse literatuur juis binne hul sosiaal-historiese konteks (d w s ook chronologies) behandel word.

10. DIE INTEGRERING VAN GEGEWENS

Die vraag is hierbo (afd 2) reeds aangesny oor hoe die historikus (nadat uit alle bronne geput is) die gegewens (wat binne die holistiese perspektief op die verskillende dimensies betrekking het) gaan integreer. Daar is geen vasgestelde reël nie en die historikus sal hom deur sy materiaal self (en wat hy deur die aanbieding daarvan wil bereik) moet laat lei. Hoe hy dan op die ou end sy verhaal gaan uiteensit, hang met ander woorde af van wat sy eie siening is van die geskiedenis wat hy besig

is om te skryf. Die historikus gee ook nie meganies een-vir-een aan bogenoemde bronne of sosiaal-wetenskaplike insigte aandag nie, maar bou vir hom/haarself met-tertyd 'n bevoegdheid of kompetensie op wat sy beeld van die geskiedenis bepaal. Sy verhaal sal uiteraard met daardie beeld korreleer. Die beoefening van historiografie geskied inderdaad nie volgens 'n kitsresep nie. Dit is egter noodsaaklik dat die geskiedskrywer al bogenoemde aspekte en vergaarde gegewens uit bronne voortdurend in gedagte sal hou en sover moontlik sal verdiskonteer in sy aanbieding.

11. SLOT

Sonder om weer op die sin en doel van Oud-Israelitiese historiografie in te gaan (sien Scheffler 1988a:666-669), kan dit nie anders nie as om hier te beklemtoon dat die ontmoeting met die geskiedenis 'n *kommunikasie* met die verlede is wat ten diepste ook 'n *ontmoeting* met die lewe self is. Hierdie ontmoeting laat die historikus nie onaangeraak nie. Hiermee word nie betoog dat die historikus doelbewus sy persoonlike vooronderstellings oor die lewe in al sy fasette in die beoefening van sy vak moet indra en uit die geskiedenis moet probeer aflees nie. Die afwysing van 'n positivistiese benadering maak nie die strewe na objektiwiteit as 'n belangrike waarde in die beoefening van historiografie ongedaan nie. Aan die ander kant, as gevolg van die groot interpretatiewe inset wat die historikus as kennende subjek lewer, kan so 'n 'indra' eintlik nie vermy word nie. Anders gestel: juis omdat die historikus interpreteer en subjektief betrokke is, moet hy/sy poog om onnodige uitings van sy/haar subjektiwiteit teë te werk. Nooit moet en kan hy/sy hom/haar probeer voorhou as so 'n suiwer objektiewe ondersoeker wat net sowel 'n robot kon gewees het nie. 'n Dialektiese balans is hier van pas: As subjektiewe *mens* beoefen die historikus 'n ('*objektiewe*') *wetenskap*. Die beste teenvoeter vir onnodige subjektiwiteit wat steeds die historikus *se menswees* respekteer, is die onderlinge bespreking van hipoteses en resultate met vakgenote en belangstellendes. Teologies uitgedruk: Oud-Israelitiese historiografie is op sy beste 'n *ekumeniese wetenskap*. Daarom hou die feit dat *die* geskiedenis van Oud-Israel *nie* bestaan, *kan* bestaan, *sal* bestaan en *hoef* te bestaan nie, geen bedreiging in nie. Asimptoties word die waarheid egter wel benader (vgl Van.Wyk Louw se gedig *Groot Ode* in Tristia 1962:125).

Eindnotas

1. Dat antieke geskiedskrywing meestal gekonsentreer het op gebeure wat aan 'n koninklike hof afgespeel het, is deels te verstane aangesien dit gewoonlik aan

koninklike howe en tempels (die fokuspunte van handel en besigheid) was waar antieke geskiedskrywers 'n heenkome kon vind. Fensham (1982:10-11) wys in die lig hiervan daarop dat die patriargale verhale (wat familiegeskiedenis is) dus nouliks deur kontemporêre antieke geskiedskrywers opgeteken kon gewees het.

2. Die onderhawige besinning (afd 2) oor die begrip *holistiese historiografie* is meer as 'n blote samevatting van wat voorheen (kyk Scheffler 1988a) gesê is. Laasgenoemde word hier veronderstel en verdere refleksies sedert genoemde artikel word hier verdiskonteer. Aangesien die fokus in hierdie artikel primêr gerig is op die *metodologie* van geskiedskrywing, word die meriete van 'n holistiese benadering nie hier binne die konteks van algemene geskiedskrywing of geskiedsfilosofie beredeneer nie (vgl by Braudel 1968; 1980; Carr 1961; Dray 1966; Dreyer 1974; Stern 1970; Van Jaarsveld 1980).
3. Dieselfde gevaar dreig myns insiens by die benadering van sommige voorstanders van die sogenaamde 'demokratiese geskiedenis' of 'peoples history'. Soos gewoonlik die geval, hang die geldigheid van die term ook hier af van die begrip waaraan dit probeer uitdrukking gee. Die term 'demokratiese geskiedenis' hoef dus nie noodwendige ongeldig te wees nie, mits dit steeds alle invloede op die geskiedenis erken en nie in die eerste plek daarop gemik is om geskiedskrywing vir 'n bepaalde eksklusiwistiese ideologie te probeer kaap nie (vgl in hierdie verband Van Aarde [1988] se kritiek op Mosala [1986]). Vanuit 'n holistiese perspektief (waarin gepoog word om vanuit 'n eensydige politieke 'establishment'-geskiedenis weg te beweeg), sou die term 'demokratisering' van die geskiedenis nie net verkieslik nie, maar selfs in 'n groot mate nuttig wees.
4. In sy boek *Die noodlottige band: Kerk en staat in Oud-Israel* (1975) slaag Deist (as gevolg van die tema van die boek) myns insiens geredelik daarin om 'n stuk gekiedenis te skryf waarin verskeie aspekte geïntegreerd weergegee word. Die skryf van die geskiedenis aan die hand van 'n bepaalde tema kan egter ook beperkend inwerk (as gevolg van die selektiewe werkwyse) indien mens aan die ideaal van holistiese geskiedskrywing (wat per definisie die verskeie dimensies móét omvat) reg wil laat geskied. Dit impliseer dat holistiese geskiedskrywing in die streng sin van die woord (waarin bewustelik uitgegaan word van die verskillende dimensies) nie voorgelou kan word as die enigste manier waarop historiografie bedryf kan word nie. Tematiese geskiedenis bly steeds geldig en selfs nodig (ook vir holistiese geskiedskrywing). Tematiese geskiedskrywing sou egter ook in die uitvoering van sy taak by holistiese geskiedskrywing baat deur in die ondersoek na 'n bepaalde saak aan die mees moontlike lewensdimensies (soos wat die saak vereis en toelaat) aandag te gee.

5. Wat hier volg, geld alleen as voorbeeld om die moontlike integrering van die verskillende dimensies van die geskiedenis te illustreer en is op sigself geen uitpraak oor die historisiteit van die Salomoniese verhale of Israel se sogenaamde 'goue eeu' nie (vgl bv Millard 1991a; 1991b; Miller 1991).
6. Daar word hier uitgegaan van die periodisering van die geskiedenis soos voorgestaan in my vroeëre artikel (Scheffler 1988a:681) met enkele aanpassings: Aartsvadertyd (1800-1300), Eksodus (1300-1250), vestiging in Palestina (1250-1150), Rigtertyd (1200-1020), Verenigde Koninkryk (1020-922), Noordryk (922-721), Suidryk (721-587), Babiloniese Ballingskap (587-538), Persiese tyd (538-322), Hellenistiese tyd (322-63), Romeinse tyd (63v C-135n C). Hiermee is niks gesê oor die historisiteit van die vroeëre tydperke (bv Aartsvaders en Eksodus) nie.
7. Volgens Deist (1987) word die geskiedenis van geskiedskrywing gewoonlik onderverdeel in twee hoof fases, te wete die *pre-historiese* (mites, sages, tradisies) en *historiese* fase. Die historiese fase word onderverdeel in 'n *annalistiese* ('koningsrekords': bv lyste, briewe, berigte van militêre veldslae, bouprojekte) en 'n *beskrywende* periode. Laasgenoemde word onderverdeel in 'n *pre-kritiese* (meer klem op gebeure en persone naas die koning) en 'n *kritiese* fase wat op sy beurt weer in in *pre- en post-Verligting* fase verdeel word. Laasgenoemde (in die tradisie van Von Ranke se 'wie es eigentlich gewesen ist') vermy alle romantisering in geskiedskrywing en is baie meer krities ten opsigte van sogenaamde feite. Vergelyk ook Hayes (1977:1-69).
8. Vgl in die lig hiervan Miller & Hayes (1986:250-287) se poging om uit 'n historiese hoek meer reg te laat geskied aan die Omri-dinastie.
9. Ben-Tor (1992:8) merk myns insiens tereg op dat Albright self nie binne die kategorie val van diegene wat die Bybel ten alle koste reg wou bewys nie ('n indruk wat dikwels geskep word – vgl Scheepers 1992:124), maar dat hy eerder in reaksie was teen 'the German school of biblical criticism, which at that time cast grave doubts on the antiquity of many biblical texts relating to the antiquity of the Israelites'. Die waarheid van hierdie stelling kan getoets word aan Albright se (kritiese) siening oor die bekende historiese probleem rondom die verwoesting van Jerigo en Ai (vgl Albright 1957:276-280).
10. Vgl Pritchard (1958); Noth (1959:49-53; 1962:96-167); Wright (1962:17-28); De Vaux (1970); Harrison (1970:13-18); Wright (1971); Fensham & Oberholzer (1978:311-313); Herrmann (1980:42-49); Eybers (1980); Moorey (1981:110-125); Fensham & Pienaar (1982:14-15); Miller (1982; 1987); Sauer (1982); Deist & Le Roux (1987:41-43); Dever (1982; 1990:1-36); Dever (1991:103-115); Donner (1984:27-29); Gottwald (1985:49-63); Nel (1987); Weippert (1988:1-68);

Lemche (1988:71-73); Coggins (1990:42-55); Ahlström (1991:116-142); Scheepers (1990; 1992); Burger (1992); Ben-Tor (1992:1-9).

11. 'n Samelewingsgeskiedenis kan wel die politieke en godsdienstige dimensies veronderstel, maar 'n holistiese perspektief wil juis verhoed dat laasgenoemde dimensies onderspeel word. Aangesien 'n holistiese benadering (waarin die sosio-kulturele dimensie prominent figureer) die noodsaak van 'n sosiologiese invalshoek duidelik laat blyk en onderstreep, word daar nie hier in debat getree met diegene wat die gebruik van sosiologiese modelle bevraagteken nie.
12. Vergelyk ook Scheffler (1990:263-273) vir 'n vollediger ontleding van die verhouding tussen Saul en Samuel met gebruikmaking van transaksionele analise (Berne 1967). Vir 'n psigo-analitiese analise van nog vyf ander Bybelse leiersfigure (naas Samuel en Saul), vergelyk Zeligs (1974).
13. Soos in die voorbeeld van Salomo se koningskap (hierbo vermeld) word die verhouding tussen Samuel en Saul hier as illustrasie genoem en word geen klakkelose aanvaarding van die historisiteit van die tekste veronderstel waarna verwys word nie.

Literatuurverwysings

- Aharoni, Y 1979. *The land of the Bible: A historical geography*. Philadelphia: Westminster.
- Aharoni, Y & Avi-Yonah, M 1977. *The Macmillan Bible atlas*. New York: Macmillan.
- Ahlström, G W 1991. The role of archaeological and literary remains in reconstructing Israel's history, in Edelman 1991:116-142.
- Albright, W F 1949. *The archaeology of Palestine*. Gloucester: Peter Smith.
- 1957. *From stone age to Christianity: Monotheism and the historical process*. New York: Doubleday.
- Alt, A 1969. *Zur Geschichte des Volkes Israel: Eine Auswahl aus den 'Kleinen Schriften'*. Hrsg von Herrmann, S. München: Beck.
- [1944] 1969. Der Rhythmus der Geschichte Syriens und Palästinas im Altertum, in Alt 1969:1-19.
- Baly, D 1974. *The geography of the Bible*. New York: Harper & Row.
- Barr, J 1977. *Fundamentalism*. London: SCM.
- Barth, H & Steck, O H 1980. *Exegese des Alten Testaments: Leitfaden der Methodik*. 9.Aufl. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
- Ben-Tor, A (ed) 1992. *The archaeology of Ancient Israel*. Tel-Aviv: The Open University of Israel.

- Berne, E 1967. *Games people play: The psychology of human relationships*. Middlesex: Penguin.
- Beyerlin, W (Hrsg) 1975. *Religionsgeschichtliches Textbuch zum Alten Testament*. Göttingen: Vandenhoeck.
- Braudel, F 1968. Geschiedenis en sociologie, in Gurvitch, G, *Handboek van de sociologie*, 139-162. Utrecht: Het Spectrum.
- 1972. *The Mediterranean and the Mediterranean World in the age of Philip II*, Vol I-II. London: Collins.
- 1980. *On history*. Chicago: University of Chicago Press.
- Bright, J [1959] 1980. *A history of Israel*. 3rd ed. London: SCM.
- Burger, J A 1992. Archaeology – An important historical source. *ThEv* 25/3, 44-51.
- Carr, E H 1961. *What is history*. Middlesex: Penguin.
- Callaway, J A 1983. A visit with Ahilud: A revealing look at village life when Israel first settled the promised land. *BAR* 9/5, 43-53.
- Coggins, R 1990. *Introducing the Old Testament*. Oxford: Oxford University Press.
- Coote, R B 1990. *Early Israel: A new horizon*. Minneapolis: Fortress.
- Coote, R B & Whitelam 1987. *The emergence of early Israel in historical perspective*. Sheffield: Almond.
- De Geus, C H J 1975. The importance of archaeological research into the Palestinian agricultural terraces, with an excursus on the Hebrew word *gbi*. *PEQ* 107, 64-74.
- De Klerk, J C & Schnell, C W 1987. *A new look at Jesus: Literary and sociological-historical interpretations of Mark and John*. Pretoria: Van Schaik.
- De Vaux, R 1961. *Ancient Israel: Its life and institutions*. London: Darton & Todd.
- 1970. On the right and wrong uses of archaeology, in Sanders, J A (ed), *Near Eastern archaeology in the twentieth century*. New York: Doubleday.
- 1978. *The early history of Israel to the period of the Judges*. London: Darton, Longman & Todd.
- Deist, F E 1975. *Die noodlottige band: Kerk en Staat in Oud-Israel*. Kaapstad: Tafelberg.
- 1979. *Historiese heuristiek, teologiese hermeneutiek en Skrifgesag*. Port Elizabeth: UPE.
- Deist, F E 1987a. Current trends in the history of historiography, in Deist & Le Roux 1987:1-31.
- 1987b. Ou-Testamentiese verhale en/as geskiedenis. *ThEv* 20/3, 5-17.
- 1990. *A concise dictionary of theological and related terms with an English-Afrikaans and an Afrikaans-English list*. Pretoria: Van Schaik.

- Deist, F E & Le Roux, J H 1987. *Revolution and reinterpretation: Chapters from the history of Israel*. Kaapstad: Tafelberg.
- Dever, W G 1982. Retrospects and prospects in Biblical and Syro-Palestinian archaeology. *BA* 12, 103-107.
- 1990. *Recent archaeological discoveries and Biblical research*. Seattle: University of Washington.
- 1991. Archaeology, material culture and the early monarchical period in Israel, in Edelman 1991:103-115.
- Dray, W H (ed) 1966. *Philosophical analysis and history*. Westport: Greenwood Press.
- Donner, H 1984. *Geschichte des Volkes Israel und seiner Nachbarn in Grundzügen, Teil 1: Von den Anfängen bis zur Staatenbildungszeit*. Göttingen: Vandenhoeck.
- 1984. *Geschichte des Volkes Israel und seiner Nachbarn in Grundzügen, Teil 2: Von der Königszeit bis zu Alexander dem Grossen. Mit einem Ausblick auf die Geschichte des Judentums bis Bar Kochba*. Göttingen: Vandenhoeck.
- Dreyer, P S 1974. *Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis*. Kaapstad: HAUM.
- Drewermann, E 1984. *Tiefenpsychologie und Exegese, Band I: Die Wahrheit der Formen: Traum, Mythos, Märchen, Sage und Legende*. Olten: Walten.
- 1985. *Tiefenpsychologie und Exegese, Band II: Die Wahrheit der Werke und der Worte. Wunder, Vision, Weissagung, Apokalypse, Geschichte, Gleichnis*. Olten: Walten.
- Edelstein, G & Gibson, S 1982. Ancient Jerusalem's rural food basket: The 'New' archaeology looks for an urban center's agricultural base. *BAR*, 46-54.
- Edelmann, D V (ed) 1991. *The fabric of history: Text, artifact and Israel's past*. Sheffield: JSOT.
- Eybers, I H 1980. The value of archaeological excavations for Biblical studies. *ThEv* 13/3, 3-9.
- 1988. *A geography of Biblical Israel and its surroundings*. Pretoria: NGKB.
- Fensham, F C 1982. Inleiding: Probleme in verband met 'n geskiedskrywing oor Oud-Israel, in Fensham, F C & Pienaar, D N 1982:9-15.
- Fensham, F C & Oberholzer, J P 1978. *Bybelse aardrykskunde, oudheidkunde en opgrawings*. Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.
- Fensham, F C & Pienaar, D N 1982. *Geskiedenis van Oud-Israel*. Pretoria: Academia.
- Fohrer, G 1969. *Geschichte der Israelitische Religion*. Berlin: De Gruyter.
- 1982. *Geschichte Israels: Von den Anfängen bis zur Gegenwart*. 3.Aufl. Heidelberg: Quelle.

- Freud, S 1967. *Massenpsychologie und Ich-Analyse: Die Zukunft einer Illusion*. Frankfurt am Main: Fischer.
- [1913] 1980. *Totem und Tabu*. Frankfurt am Main: Fischer.
- [1939] 1975. *Der Mann Moses und die monotheistische Religion: Schriften über die Religion*. Frankfurt am Main: Fischer.
- Fromm, E 1966. *You shall be as God's: A radical interpretation of the Old Testament and its tradition*. New York: Fawcett Premier.
- Garbionni, 1987. *Israelite history and ideology*. London: SCM.
- Gottwald, N K 1979. *The tribes of Yahweh: A sociology of the religion of liberated Israel 1250-1050 BCE* London: SCM.
- 1985. *The Hebrew Bible: A socio-literary introduction*. Philadelphia: Fortress.
- Gunneweg, A H J 1972. *Geschichte Israels bis Bar Kochba*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Hanson, P D 1979. *The dawn of apocalyptic*. Philadelphia: Fortress.
- Harrison, R K 1970. *Old Testament times*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Hayes, J H 1977. The history of the study of Israelite and Judaeon history, in Hayes & Miller (eds) 1977:1-69.
- Hayes, J H & Miller, J M (eds) 1977. *Israelite & Judaeon history*, 1-69. London: SCM. (OTL)
- Herion, G A 1986. The impact of modern and social science assumptions on the reconstruction of Israelite history. *JSOT* 34, 3-33.
- Herrmann, S 1980. *Geschichte Israels in alttestamentlicher Zeit*. München: Kaiser.
- Heyns, M 1986. Die ryk van Israel in die agste eeu voor Christus: 'n Samelewings-analise. MA-vehandeling, Unisa.
- Jagersma, H 1979. *Geschiedenis van Israel in het oudtestamentische tydvak*. Kampen: Kok.
- 1985. *Geschiedenis van Israel van Alexander de Grote tot Bar Kochba*. Kampen: Kok.
- Jung, C G 1965. *Answer to Job*. London: Hodder & Stoughton.
- 1972. Über die psychologische Bedeutung des Opfers, in *Speigel* 1972:139-151.
- Keller, W 1955. *Und die Bibel hat doch recht*. Düsseldorf: Econ.
- Kenyon, C 1988. *The Bible and recent archaeology*. London: British Museum.
- Krüger, J S 1982. *Studying religion: A methodological introduction to science of religion*. Pretoria: UNISA.
- Lemche, N P 1988. *Ancient Israel: A new history of Israelite society*. Sheffield: JSOT.
- Mazar, A 1990. *Archaeology of the land of the Bible*. New York: Doubleday.
- Millard, A R 1991a. Text and archaeology: Weighing the evidence. The case for King Solomon. *PEQ* 123, 19-27.

- Millard, A R 1991b. Solomon: Text and archaeology. *PEQ* 123, 117-118.
- Miller, J M 1976. *The Old Testament and the historian*. Philadelphia: Fortress.
- 1982. Approaches to the Bible through history and archaeology: Biblical history as a discipline. *BA* 45, 211-216.
- 1987. Old Testament history and archaeology. *BA* 50, 55-63.
- 1991a. Solomon: International potentate or local king? *PEQ* 123, 28-31.
- 1991b. Is it possible to write a history of Israel without relying on the Hebrew Bible? in Edelman 1991:93-102.
- Miller, J M & Hayes, J H 1986. *A history of ancient Israel and Judah*. Philadelphia: Westminster.
- Moorey, R 1981. *Excavation in Palestine*. Durban: Bok Books.
- Mosala, I J 1986. Social scientific approaches to the Bible: One step forward, two steps backward. *JThSA* 55, 15-30.
- Nel, W A G 1987. Die belang van die argeologie vir die Bybelwetenskappe. *ThEv* 20/3, 18-28.
- Noth, M 1959. *Geschichte Israels*. 4.Aufl. Göttingen: Vandenhoeck.
- 1962. *Die Welt des Alten Testaments*. 4.Aufl. Berlin: Alfred Töpelmann.
- Olivier, H 1991. Die histories-geografiese ruimte waarbinne die Ou Testament afspeel, in Bosman, H L, Gous, I G P & Spangenberg, I J J (reds), *Purper en flentertap: Rykdom en armoede in die Ou Testament*, 139-167. Pretoria: Van Schaik.
- Parsons, T & Platt, G M 1973. *The American University*. Cambridge: Harvard University Press.
- Pritchard, J B 1958. *Archaeology and the Old Testament*. Princeton: Princeton University Press.
- 1969. *Ancient near eastern texts relating to the Old Testament*. Princeton: Princeton University Press.
- 1989. *The times atlas of the Bible*. London: Times Books.
- Rainey, A E 1982. Historical geography: The link between historical and archaeological interpretation. *BA* 45, 217-222.
- Ringgren, H 1963. *Israelitische Religion*. Stuttgart: Kohlhammer Verlag.
- Rollmann, H 1988. From Bauer to Wrede: The quest for a historical method. *Studies in religion/Sciences religieuses* 17, 445-454.
- Sauer, J A 1982. Syro-Palestinian archaeology, history, and Biblical studies. *BA* 45, 201-210.
- Scheepers, C 1990. A methodological debate in Biblical archaeology. *OTE NS* 3, 325-339.
- 1992. Israel's settlement: Old Testament history and archaeology, in Wessels & Scheffler (eds) 1992:122-140.

- Scheepers, C L 1984. The development of hydraulic technology in ancient Palestine in the Late Bronze and Iron Ages. *OTE* 2, 133-151.
- 1987. *Tell-opgraving in Israel*. Pretoria: Biblia.
- Scheffler, E H 1988a. Op weg na 'n komprehensiewe geskiedenis van Ou-Israel. *HTS* 44, 665-683.
- 1988b. *Bybelkunde (Honneurs-BA): Enigste studiegids vir HBS404-Y*. Pretoria: UNISA.
- 1988c. A psychological reading of Luke 12:35-48. *Neotestamentica* 22, 355-371.
- 1990. The game Samuel played: A psychological interpretation of the relationship between Samuel and Saul. *OTE NS* 3, 263-273.
- 1991. Jung's *Answer to Job*: An appraisal. *OTE NS* 4, 327-341.
- 1993. Qohelet's positive advice. *OTE NS* 6, 248-271.
- Schmidt, W H 1982. *Alttestamentliche Glaube in seiner Geschichte*. 4.Aufl. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
- Scroggs, R 1980. The sociological interpretation of the New Testament: The present state of research. *NTS* 26, 164-179.
- Smith, S 1970. The present state of Old Testament studies. *JBL* 89, 19-35.
- Smuts, J C [1926] 1987. *Holism and evolution*. Cape Town: N & S Press.
- Spiegel, Y (Hrsg) 1972. *Psychoanalytische interpretation biblischer texte*. München: Kaiser.
- Stager, L E 1985. The archaeology of the family in ancient Israel. *BASOR* 41, 1-35.
- Stern, F 1970 (ed). *The varieties of history*. 2nd ed. London: Macmillan.
- Thomas, D W (ed) 1961. *Documents from Old Testament times*. New York: Harper & Row.
- (ed) 1967. *Archaeology and Old Testament study*. Oxford: Clarendon.
- Thompson, E P 1970. Social history, in Stern 1970:423-430.
- Unger, M F 1954. *Archaeology and the Old Testament*. Grand Rapids: Zondervan.
- Van Aarde, A G 1988. Historical criticism and holism: Heading toward a new paradigm? in Mouton, J, Van Aarde, A G & Vorster, W S (eds), *Paradigms and progress in theology*, 49-64. Pretoria: HSRC.
- Van Jaarsveld, F A 1980. Westerse historiografie en en geskiedenisfilosofie. Pretoria: HAUM.
- Von Rad, G 1960. *Theologie des Alten Testaments, Band I: Die Theologie der geschichtlichen Überlieferungen Israels*. München: Kaiser.
- 1968. *Theologie des Alten Testaments, Band II: Die Theologie der prophetischen Überlieferungen Israels*. München: Kaiser.
- Weippert, H 1988. *Palästina in vorhellenistischer Zeit*. München: Beck.

- Wessels, W & Scheffler, E H (eds.) 1992. *Old Testament science and reality*. Pretoria: Verba Vitae.
- Whitelam, K W 1986. Recreating the history of Israel. *JSOT* 35, 45-70.
- Wilson, R R 1984. *Sociological approaches to the Old Testament*. Philadelphia: Fortress.
- Wright, G E 1960. *An introduction to Biblical archaeology*. London: Duckworth.
- 1962. *Biblical archaeology*. Trowbridge: Redwood.
- 1971. What archaeology can and cannot do. *BA* 34, 70-76.
- Zeligs, D F 1974. *Psychoanalysis and the Bible: A study in depth of seven leaders*. New York: Bloch.